



Almal wil graag groot word of van Graad 1 na Graad 2 beweeg. Niemand wil vir ewig en vir altyd in dieselfde graad bly nie. Julle het dalk ook die gewoonte om iewers teen een van die mure in die huis elke jaar jouself te meet. Elke jaar 'n bietjie langer, want wie wil nou 'n baba bly?



Wie is die langste man in die wêreld?

Robert Wadlow
2.72 m
1940



Wat is die grootste lewende organisme in die wêreld?

Nee, nie die Blouwalvis nie! Dit is die "Honey mushroom" sampioen. Dit groei in die Blue Mountains in Oregon in Noord-Amerika en strek oor 'n oppervlak van 9.8km². Die interessantste is dat meeste van die fungi onder die grond groei en net die deel wat ons as sampioen ken sien ons bo die grond.



Elke lewende organisme het 2 dinge nodig om te kan groei.

1. Kos

2. 'n Goeie Omgewing

Bv: jy kan nie vir 'n leeu groen gras gee om te eet nie. Die leeu gaan doodgaan na 'n rukkie, want 'n leeu se kos is vleis, nie gras nie. So ook kan jy nie blou walvis in die woestyn neersit en dink die walvis gaan oorleef nie. 'n Goeie omgewing vir 'n walvis om te oorleef is die see!

Netso het 'n Christen ook 2 dinge nodig om geestelik te kan groei.

2. Kos = Die Bybel



2. 'n Goeie Omgewing = 'n Skoon Hart



Een van Jesus se beste vriende Petrus het geweet dat ons as Christene nie altyd baba Christene kan bly nie. Ons moet groei en volwasse word. Hoor wat sê hy in 1 Petrus 2:2 "Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag (graag wil hê) na die suiwer geestelike melk (Jy kry die geestelike kos deur die Bybel te lees), sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid ('n ander woord vir verlossing of redding) verkry." Vir Petrus is dit so belangrik dat hy 'n tweede keer van groei praat net in die volgende hoofstuk in 2Petrus 3:18 "Sorg liever dat julle **steeds groei** in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus".

Petrus was een van Jesus se 12 beste vriende. Hulle is die dissipels genoem. Vir 3 jaar het die vriende alles saam met Jesus gedoen. Jesus het hulle almal elke dag geestelike kos gegee. Hulle het gehoor as Hy mense leer van God se koninkryk, God se liefde en genade. Hulle het gesien hoe Jesus wonderwerke doen soos om 5000 mense kos te gee met net 2 vissies en 5 broodjies! Hulle het gesien hoe Jesus mense gesond maak. Indien hulle nie 'n gelykenis verstaan het nie het Jesus dit nog boonop aan sy 12 dissipels verduidelik.

Al 12 die dissipels het dieselfde geestelike kos by Jesus gekry om geestelik te kan groei, maar net 11 het 'n goeie omgewing in hulle hart gehad om te kan groei. Judas Iskariot se hart was dood en vuil, niks wou groei al het hy goeie kos elke dag by Jesus gekry.

Die ander 11 het gegroei tot volwasse Christene. Hulle het begin om vir ander van Jesus te vertel en te leer. Dink net: as die 11 dissipels baba Christene gebly het, het ons nooit gehoor van Jesus se Evangelie nie!

Ons kan ook so groei. Ons wil mos nie altyd 'n baba Christen bly nie. Lees jou Bybel elke dag. Dit is jou geestelike kos. Die oomblik dat die Heilige Gees jou bewus maak van 'n sonde in jou hart maak dit dadelik skoon! In 'n skoon hart kan groei plaasvind.

Moet nooit ophou groei nie